FREE
Thabazimbi / Northam : Moruleng : Setaria : Swartklip : Amandelbult
C: 081 309 3876 | 076 811 5989 | 081 389 2846
T: 014 777 1003 | F: 011 252 6669 | 59 Van Der Bijl Street, Thabazimbi
PLATINUM BUSHVELDER
Jou Gratis Gemeenskapskoerant | *Your Free Community Newspaper*
19 JUNE 2020
ABC Certified, Verified Print Quantity 25 000 newspapers per week
Thabazimbi: 072 482 6871 / 014 777 1003 • Northam: 073 429 9411 / 076 811 5989



# CAROLINE HERSTEL NA SLANGBYT

**Northam** – Die 15-jarige Caroline Nel het op Woensdag 3 Junie 'n baie traumatiese ervaring ervaar na 'n slang haar op haar oupa se plaas, De Put buite Northam, bygedam het.

"Ek was op pad om die hek te gaan oopmaak toe ek 'n steek voel op my linkervoet. My eerste instink was dit 'n doring was wat my gesteek het." Caroline het afgekyk om te sien wat het haar gesteek toe sy die slang sien. "Ek het begin gil! My ouma het uitgehardloop gekom en nog harder geskree," aldus Caroline in 'n onderhoud met *Platinum Bushvelder.*

Haar oupa wat 'n hele ent verder weg besig was by die beeste het net gehoor, slangbyt, die sleepwa afgehak en gejaag.

Daar is bevestig dat dit 'n pofadder was wat haar gepik het. Die Nel-gesin het dadelik in die bakkie gespring en met Caroline na dokter PM de Kock Vennootskap t/a Kruismed gehaas waarna sy by Mediclinic opgeneem is.

Die familie het almal so vinnig as moontlik reageer. "In daardie oomblik het ons gespring om haar so gou as moontlik by 'n dokter te kry. Ons het net gebid – want daar was nie tyd vir negatiewe 'wat as' gedagtes nie," het haar oupa Hennie Nel gesê.

Volgens die *African Snakebite Institute* is pofaddergif sitotoksiese, wat ernstige pyn, swelling, blase en in baie gevalle ernstige weefselskade veroorsaak.

Caroline was in Mediclinic se hoësorgeenheid vir drie dae, maar het genadiglik heeltemal herstel sonder dat dit nodig was vir 'n veloorplanting en sy sterk tans by die huis aan. Die familie se vinnige reaksie het heelwaarskynlik bygedra tot die feit dat die slangbyt geen ernstige nagevolge gehad het nie.

"My voet is steeds baie geswel en ek kan nie 'n skoen aantrek nie, maar dit pla my nie baie nie. As iemand wat op die plaas grootword, is ek eintlik maar 'n kaalvoet meisiekind," het Caroline laggend gesê.

Die Nel-gesin wil graag baie dankie sê aan dokter Pieter de Kok en dokter Anel Groenwald vir al die moeite wat hulle gedoen het om Caroline kalm te hou en te behandel met soveel sorg en toewyding. "Baie dankie ook aan elke vriend en familielid vir hulle bemoedigende boodskappe en gebede. Maar bo als, baie dankie aan God dat hy Caroline gedra het en herstel het. Dit was weereens net vir my 'n bewys dat enige iets moontlik is deur geloof."

**Foto:** Caroline Nel is weer op die been na 'n pofadder haar gebyt het.

CM RECYCLING
REDUCE, REUSE, RECYCLE
1 Tin Str, Thabazimbi Industriele Gebied
SCRAP METAL DEALERS
079 284 8619 of 014 772 2772

KLANKGRENS
• Gehoor
• Hearing
082 570 7625
Hearing Tests | Hearing Aids | Hearing Protection | Hearing Care

MEDHOF
Alpha Pharm Pharmacy | Apteek
017 777 1287/8
064 932 2722
OOP 7AM SOGGENS WEEKSDAE
OOP 7DAE 'N WEEK
LAAT ONS VIR JOU SORG

Buffel Beton
Thabazimbi Kantoor: 083 296 2916
Kantoor: 083 343 0781
Janus: 083 384 7355
Posbus 245
Koedoeskop 0361
SEMENTSTENE
MAXI BLOKKE
PLAVEISEL – BEVEL (KLEUR OF GRYS)
PLAVEISEL – INTERLOCKERS (KLEUR OF GRYS)
KLEISTENE
SAND EN KLIP

MAJOR DRUG BUST ON LIMPOPO FARM

READ MORE ON PAGE 2